higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIENRIGLYN

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

TOERISMEWETENSKAP
NKR VLAK 2

XX Februarie 2020

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 9 bladsye.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1

1.1 1.1.1 Outomobiel-Assosiasie

1.1.2 Onafhanklike Motorhuurvereniging

1.1.3 OMHV ('ICRA')

1.1.4 Suider-Afrikaanse Vereniging vir die Konferensiebedryf

1.1.5 FEDHASA

1.1.6 Verteenwoordig die belange van die hotel-, restaurant-, drank-, selfsorg-, akkommodasie- en spysenieringsbedryf. (6 × 2) (12)

1.2 1.2.1
- Bekendstellings/inleidende fase
- Mercia het so pas 'n nuwe gastehuis oopgemaak. (2 + 2) (4)

1.2.2 Groeifase✓ – meer kliënte is bewus van jou produk en diens✓✓
Volwassenheid✓ – die produk/diens is bekend in die mark✓
Afname✓ – daar is 'n toename in mededinging, minder kliënte maak gebruik van jou produk/diens✓ (4 × 2) (8)

1.2.3
- Stel besienswaardighede voor wat hulle kan besoek.
- Stel verskillende aktiwiteite voor om in die gebied te doen.
- Voorsien die kliënte van meer inligting oor die gebied.
- Identifiseer geskikte vervoeropsies tot hul beskikking.
- Stel alternatiewe scenario's voor wat hulle dalk wil ervaar of waaraan hulle nie gedink het nie. (Enige 4 × 1) (4)

1.2.4 Om jou produkte en dienste te adverteer en te verkoop. (2)

1.3
- Om 'n proaktiewe benadering by alle rolspelers in die toerismebedryf te ontwikkel om te verseker dat hulle die bedryf op 'n verantwoordelike manier bemark en bestuur.
- Om omgewingsgebaseerde toerismeaktiwiteite te ontwikkel, soos wildbesigtiging en wildritte, om sodoende te verseker dat aktiwiteite op 'n volhoubare manier bestuur word.
- Om te verseker dat die staat en ondernemings ekonomiese bande met die plaaslike gemeenskap ontwikkel.
- Om te verseker dat plaaslike gemeenskappe aktief by die toerismebedryf betrek word en dat 'n veilige en geborge omgewing vir besoekers voorsien word.
- Om plaaslike kulture te beskerm teen oorontginning en oorkommersialisering en om respek vir hierdie gemeenskappe aan te moedig.
- Om te verseker dat sowel werkgewers as werknemers in die toerismebedryf vir mekaar en die toeris verantwoordelikheid aanvaar.
- Om te verseker dat toeriste die norms en praktyke van Suid-Afrika gehoorsaam en die omgewing en kulture van die land respekteer.

(Enige 5 × 1) (10)

[40]

VRAAG 2

2.1
- Steundienste in die private sektor✓ – behels dienste en ondersteuningstelsels wat deur individue of maatskappye in private besit voorsien word.✓
- Steundienste in die openbare sektor✓ – behels dienste en ondersteuningstelsels wat deur staatsbeheerde instellings voorsien word✓ (2 × 2) (4)

2.2 2.2.1 (a)
- Huishouding
- Openbare areas
- Wassery en linnekamer
- Klereversorging (Enige 2 × 1)

(b)
- Restaurante
- Kroeë
- Banketdiens
- Konferensiegeriewe (Enige 2 × 1)

(c)
- Portiers
- Skakelbord
- Ontvangs
- Kassier (Enige 2 × 1)

(3 × 2) (6)

2.2.2
- Misdaad oor die algemeen✓✓
- Geweld soos onluste of gewapende roof✓✓
- Probleme in naburige lande✓✓
- Internasionale politieke toestande✓✓
- Diensreputasie✓✓
- Die waarde van die rand
- Natuurrampe soos vloede
- Weerstoestande kan veroorsaak dat sommige gasvryheidsdienste 'n laagseisoen ervaar. (Enige 5 × 2) (10)

2.3 2.3.1 (a) Departement van Omgewingsake en Toerisme

(b) Suid-Afrikaanse Toerisme

(c) Onderwys- en Opleidingsowerheid vir die Toerisme- en Gasvryheidsektor

(d) Vereniging van Nasionale Toerismekantore in Suid-Afrika

(4 × 1) (4)

Kopiereg voorbehou

2.3.2
- Om toerismebeleide te fasiliteer en in werking te stel
- Om die toerismeontwikkelingsplanne en -optrede van alle belanghebbende partye te koördineer
- Om beleide op nasionale, streeks- en plaaslike toerismevlak te beplan en formuleer.
- Om die bestaande strategieë en planne vir toerisme-ontwikkeling te reël en te monitor.
- Om die bevordering van toerisme, insluitend alle toerisme-bestemmings, -gemeenskappe en belangrike projekte, te ontwikkel (Enige 4 × 2) (8)

2.3.3
- Om 'n toename in internasionale toeristegetalle te bereik
- Om uitvoerverdienste te verhoog
- Om provinsies te help met hul bemarking
- Om 'n nasionale toerismekultuur en omgewingsbewustheid te bevorder.
- Om 'n unieke Afrika-ervaring te ontwikkel en bevorder.
- Om aan besoekers 'n gehalte-ervaring te bied.
- Om nou met alle rolspelers in die toerismebedryf saam te werk
- Om Suid-Afrika as 'n toeristemiddelpunt te bevorder

(Enige 2 × 2) (4)

2.4
- Groter vraag na waterhulpbronne
- Lugbesoedeling
- Toename in rommelstrooiery
- Toename in gronderosie
- Om inheemse flora te pluk en natuurlike verskynsels te vernietig
- Toename in jag en visvangs, wat spesies uitroei en visseryvoorraad uitput. (Enige 4 × 1) (4)

[40]

VRAAG 3

3.1
3.1.1 mensgemaak
3.1.2 mensgemaak
3.1.3 natuurlik
3.1.4 kultureel
3.1.5 kultureel
3.1.6 natuurlik
3.1.7 kultureel
3.1.8 natuurlik
3.1.9 kultureel
3.1.10 natuurlik

(10 × 1) (10)

3.2 3.2.1

- Dit genereer inkomste✓ – Die toeris bestee geld in die plaaslike gemeenskap vir dienste gelewer.✓
- Ekonomiese ontwikkeling✓ – Die toeris bring buitelandse geldeenheid die land binne, wat gebruik word vir die ontwikkeling van die gebied, infrastruktuur, ensovoorts.✓
- Toerisme skep werk✓ – Hoe meer toeriste na 'n land reis, hoe meer werksgeleenthede word geskep.✓ (3 × 2) (6)

3.2.2

- Oorafhanklikheid op toerisme✓ – die plaaslike gemeenskap kan te veel op toerisme begin staatmaak✓
- Inflasie van grondwaarde✓ – pryse word verhoog om vir toeriste voorsiening te maak✓
- Geleentheidskoste✓ – menslike, natuurlike en finansiële hulpbronne kon beter in ander bedrywe benut geword het✓ (3 × 2) (6)

3.2.3

- Negatiewe of aanstootlike toerismegedrag.
- Toerisme lok misdaad. Toeriste is dikwels teikens vir misdadigers.
- Massaproduksie van aandenkings; plaaslike inwoners pas gebruike en rituele aan om toeriste te akkommodeer.
- Verlies van kulturele trots; tradisies word 'n vertoning vir toeriste en nie deel van hul erfenis nie. (Enige 3 × 2) (6)

3.3

- Verskaffer✓ – lugredery/akkommodasie/motorverhuring.✓
- Groothandelaar✓ – toeroperateur, bv Thompsons, wat pakkette uit die verskaffer se produkte saamstel.✓
- Kleinhandelaar – Die reisagent verkoop die verskaffer se produk of die groothandelaar se pakket aan die kliënt, en kan derhalwe as die middelman beskou word.✓ (3 × 2) (6)

3.4 Toerisme is die handeling van reis vir ontspanning en die voorsiening van dienste vir hierdie handeling. (2)

3.5

- Swak diensreputasie
- Rand se waarde
- Natuurrampe, soos vloede, tsoenami's
- Weerstoestande kan tot 'n laagseisoen in die gasvryheidsbedryf lei
- Misdaad oor die algemeen
- Geweld, soos onluste of gewapende roof
- Probleme in naburige lande
- Internasionale politieke toestande (Enige 4 × 1) (4)

[40]

VRAAG 4

4.1 4.1.1 Kango-sweeftou ('zipline')

4.1.2 (die) Himalaja

4.1.3 Namakwalandtoer

4.1.4 Distrik Ses

4.1.5 Rekspring

(5 × 2) (10)

4.2 4.2.1 Avontuurtoeris: Hy geniet avontuurlike aktiwiteite.

4.2.2 Ontdekker: Hy reis na uitdagende gebiede.

4.2.3 Massatoeris: Sy verkies om in groepe te reis.

4.2.4 Kultuurtoeris: Hy reis om meer oor geskiedenis te leer.

4.2.5 Avontuurtoeris: Hy staan bekend as 'n adrenalienverslaafde.

(5 × 2) (10)

4.3
- Om familie en vriende te besoek
- Om met vakansie te gaan
- Om sakevergaderings, seminare en konferensies by te woon
- Om te studeer
- Om godsdienstige en kulturele redes
- Om gesondheidsredes (Enige 4 × 2) (8)

4.4
- Toerismeagentskappe
- Toerismesentra
- Inligtingsentra
- Stalletjies en kuriositeitwinkels (4)

4.5
- Kommersiële lugredery – 'n Lugredery soos South African Airways. 'n Bespreking sluit in 'n sitplek, spyseniering, gratis drankies en ander dienste. Die lugredery word volgens 'n spesifieke tydrooster bedryf.✓✓
- Huurlugredery – geen spesifieke tydrooster nie. Die lugredery kan vir spesiale funksies gehuur word.✓✓ (4)

4.6 'n Lugredery wat slegs die basiese noodsaaklikhede voorsien. Dit is goedkoper as ander lugrederye.✓✓ (2)

4.7 Volhoubare toerisme kan beskryf word as aktiwiteite wat herhaaldelik oor 'n lang tydperk gedoen kan word,✓ aangesien dit voordele vir die maatskaplike, ekonomiese, natuurlike en kulturele omgewings van die gebied inhou. Die besienswaardighede en omgewing word op so 'n wyse gebruik dat dit vir toekomstige geslagte behoue bly.✓ (2)

[40]

VRAAG 5

5.1 Om die verbruikersmark in groepe✓ te verdeel✓ of te groepeer wat gemeenskaplike eienskappe of belangstellings deel.✓ (3)

5.2 18–35 jaar oud (2)

5.3 Dit verseker dat die behoeftes van die spesifieke groep mense bevredig word. (2)

5.4 Hulle wil die volgende ervaar: avontuurlike aktiwiteite,✓ verkenning van lande✓ en hope pret.✓ (3)

5.5
- Uitstekende waarde vir geld
- 'n Veilige en geborge omgewing
- Mense is verwelkomend en vriendelik
- Outentieke reiservarings
- 'n Bestemming wat 'n ontspanne ervaring bied
- Vervoer om oor die weg te kom is maklik bekombaar en toeganklik.
- Natuurlewe-ervarings
- 'n Bestemming wat ervarings in geskiedenis en kultuur bied

(Enige VIER toepaslike antwoorde) (4)

5.6 5.6.1
- Geniet dit om met mense te werk
- Goeie kommunikasievaardighede
- Goeie organisatoriese vaardighede
- Vlot in Engels
- Kom goed met mense oor die weg
- Kennis van die gebied of land

(Enige VIER toepaslike antwoorde) (4)

5.6.2
- Koerante
- Departement van Arbeid
- Indiensnemingsagentskappe
- Vriende en familie
- Kennisgewingborde waarop vakatures geadverteer word
- loopbaaninligtingsentra
- Staatsdepartemente
- Internet (Enige 4 × 1) (4)

5.6.3
- Hotelbestuurder
- Banketdiensbestuurder
- Voedsel-en-drankbestuurder
- Voedseldiensbestuurder
- Restaurantbestuurder
- Kroegman
- Kamerbediende
- Ontvangsklerk
- Besprekingsklerk
- Huishoudster
- Kelner (Enige 4 × 1) (4)

5.6.4
- Universiteit
- Universiteit van Tegnologie
- TBOO-kolleges
- Private verskaffers
- Indiensleer (Enige 2 × 2) (4)

5.6.5
- Uitstekende waarde vir geld
- Veilige en geborge omgewing
- Mense is verwelkomend en vriendelik
- 'n Outentieke reiservaring
- 'n Bestemming wat 'n ontspanne ervaring bied
- Vervoer om oor die weg te kom is maklik bekombaar en toeganklik.
- 'n Bestemming wat historiese of kulturele ervarings bied
- Natuurlewe-ervarings (Enige 6 × 1) (6)

5.6.6
- Eerstekeerreisigers is mense wat vir die eerste keer reis✓ en meer hulp en leiding✓ met die beplanning van hul toer benodig.
- Ervare reisigers is meer georganiseerd, beweeg met selfvertroue rond, en is soms selfs vertroud met vreemde tale en gebruike. (4)

[40]

TOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou